# SAAM-PRAAT-PAPIER

**23 NOVEMBER 2014**

Mat 22:1-14

Jesus het weer in gelykenisse met die mense gepraat. (2) Hy het gesê: “Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n koning wat vir sy seun 'n bruilofsfees voorberei het. (3) Hy het sy slawe uitgestuur om die genooides na die bruilof te roep, maar hulle wou nie kom nie. (4) Toe stuur hy weer ander slawe met die opdrag: ‘Sê vir die genooides: Die maaltyd is reg; my beeste en vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed. Kom na die bruilof toe.’ (5) Maar die genooides het hulle nie daaraan gesteur nie, en die een het na sy stuk grond en 'n ander een na sy werkplek toe gegaan. (6) En party het sy slawe gegryp en mishandel en doodgemaak. (7) Die koning het kwaad geword en sy leër gestuur om daardie moordenaars dood te maak en hulle stad aan die brand te steek. (8) Toe sê hy vir sy slawe: ‘Alles staan klaar vir die bruilofsfees, maar die genooides was dit nie werd nie. (9) Gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teenkom, na die bruilofsfees toe.’ (10) Toe het daardie slawe uitgegaan op die strate en almal wat hulle gekry het, bymekaargemaak, slegtes sowel as goeies. So het die feessaal vol gaste geword. (11) Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie bruilofsklere aan het nie, (12) en hy sê vir hom: ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan?’ Maar die man kon niks antwoord nie. (13) Toe sê die koning vir sy dienaars: ‘Bind sy hande en sy voete vas en gooi hom uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.’ (14) Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.”



DIE GROOT FEES


1 DIE KONIING VAN DIE BRUILOF

2 DIE KONING WAT UITNOOI

3 DIE REAKSIE OP DIE KONING SE UITNODIGINGS

4 DIE KONING SE FEES GAAN VOORT

5 DIE KONING SE INKOMS BY DIE FEES



**SAAM-PRAAT**

**1 WAT IN HIERDIE VERHAAL HET JOU DIE MEESTE GERAAK ?**

**2 GESELS OOR DIE STELLING:** ***GOD SE SAAK IS ‘N FEES (VREUGDE-SAAK).***

**3 WAAROM GEE HIERDIE VERHAAL AAN JOU NUWE BETEKENIS VIR NAGMAALBYWONING ?**